

4

Wat is geloof?

ONS DOELWIT

Die jongmense moet dit hul eie maak en ervaar dat geloof 'n uitwerking in hul lewens het.

SPEKIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die jongmense moet weet –

- dat hulle die Bybel moet ken om in God te kan glo.
- dat die Heilige Gees daardie kennis gebruik om hul geloof te wek en te versterk.
- dat geloof die gevolg van God se vergifnis is.
- dat geloof en twyfel twee kante uitmaak van dieselfde muntstuk.
- dat God hul gesinne betrek om hulle te laat glo.
- dat geloof en dade nie van mekaar losgemaak kan word nie.

Gesindheid

Die jongmense moet –

- dankbaar wees dat God hulle laat glo;
- bereid wees om hul Bybels gereeld te gaan gebruik; en
- bereid wees om hul geloof te gaan uitleef.

Vaardigheid

Die jongmense moet –

- gelei word om prakties die een of ander geloofsdaad te beoefen.

EK BREI MY EIE KENNIS UIT

Wanneer ons geloof in woorde wil omskryf, kom ons agter dat geen enkele begrip dit kan doen nie. Selfs in die verduideliking daarvan in Hebreërs 11: 1 kom ons agter dat geloof 'n baie dinamiese karakter dra wat nie nêr met ons menslike wêreld te doen het nie. Tog kan ons iets *probeer sê*.

Miskien het jy al iewers in ons Kerk gehoor dat ons sê: *Geloof is kennis van die Woord van God en vertroue in die God van die Woord*. Daarmee bedoel ons dat jy alleen in God kan glo as jy die Bybel ken, en as jy die Bybel ken, gaan jy Hom vertrou. Wat beteken *ken* en wat beteken *vertrou*?

By ons *Begin*-aanbieding het ons onder andere die volgende redes gegee waarom ons in die openbaar wil bely dat ons glo:

Ek katekiseer –

- om God beter te leer ken;
- om my verhouding met God te bou en te versterk;
- om my afhanklikheid van God te erken; en
- om tot eer van God te lewe.

In Les 1 het ons geleer dat ons alles wat God vir ons wil sê en alles wat ons nodig het om van God te hoor, in die Bybel vind. Gaan kyk gerus weer by daardie aanbieding wat alles oor die Bybel gesê is. Die rede waarom ons glo wat in die Bybel staan, leer ons ook in Aanbieding 1:

- God laat kom die waarheid van die Bybel na ons toe deur die kerk – gelowige skrywers, ons ouers en hul ouers en hul ouers.
- Die Heilige Gees oortuig 'n kind van die Here dat God mense geïnspireer en meegevoer het om wat hulle van God beleef het in die Bybel neer te skryf en dit aan ons oor te dra.

DUS:

- *Om God te ken en te beleef wie Hy is, leer en beleef jy net deur die Heilige Gees.*
 - *Die Heilige Gees gebruik die Bybel om 'n "liefdesverhouding" tussen God en jou te bou.*
 - *Die doop is die teken dat bogenoemde 'n gawe van God aan jou is.*
-

Liefdesverhouding met God

In die Bybel leer ons God ken as die Vader, die Seun en die Heilige Gees.

- **God die Vader** het alles geskep, is in beheer van sy skepping, hou alles in stand en sorg vir almal – ook vir ons.
- **God die Seun** het mens geword in Jesus Christus. Hy het Hom só met al ons vreugdes, hartseer en lyding kom vereenselwig dat Hy selfs vir ons gely en gesterf het aan die kruis. Maar die grootste vreugde is dat Hy vir ons uit die dood opgewek is, sodat ons sondes en die dood oorwin is en ons nou lewe tot in ewigheid.
- **Die Heilige Gees** oortuig ons dat al hierdie dinge waar is en kom vestig 'n lewende liefdesverhouding tussen ons en God, en hou dit in stand.

Die Heilige Gees maak geloof moontlik

Omdat geloof 'n geskenk of gawe van God is, kan geloof nooit uit menslike krag moontlik wees nie. Geloof is nooit 'n menslike prestasie nie, maar iets wat deur God self moontlik gemaak word. Die Heilige Gees hou ons geloof op verskillende maniere in stand en help ons dat geloof

altd in ons alledaagse lewe sigbaar word. Elke keer wanneer ons die Woord van God hoor, bid, deelneem aan die erediens en die sakramente, en met die gemeente en gelowige gesinne meeleeft, word ons geloof deur die Heilige Gees gevoed en versterk.

Geloof en twyfel

Soms gebeur dit dat moeilike omstandighede, slegte nuus, terugslae en teleurstellings selfs kinders van die Here met geloofsvrae laat. In hierdie tye gebeur dit dikwels dat ons twyfel en dat ons worstel met probleme wat oor ons lewenspad kom. Om hierdie rede kan ons sê dat geloof en twyfel soos twee kante van dieselfde muntstuk is en saam kan bestaan. Wanneer ons twyfel, is ons nie noodwendig ongelowig nie. Ons het maar net 'n worstelstryd met ons omstandighede, terwyl ons nog steeds vertrou op God se almag. Een voorbeeld hiervan is die besembos-oomblik van Elia se lewe in 1 Konings 19. Wanneer mense, die wêreld en omstandighede met Satan se hulp hartseer en verliese bring, help die Heilige Gees ons om te bly glo dat God juis dan by sy kinders is om hulle te dra en te ondersteun. Romeine 5: 3-5 bevat 'n mooi verduideliking van hoe die Gees van God egtheid van geloof en volharding kweek uit tye van swaarkry. Dit was ook vir Tomas moeilik om te glo dat Jesus werklik uit die dood opgestaan het, maar Jesus het hom eerder tot geloof gelei as om hom te straf vir sy menslike twyfel (Johannes 20: 24-25).

Geloofsekerheid

Hoe kan ek verseker wees dat God *rêrig IS*? Dit sal jy nooit uit jouself of deur mense weet nie. Ons kan menslik begin en 'n paar redes gee vir God se bestaan. Die wonder van die natuur sê vir ons dat die skepping 'n skepper moet hê. Al sou die evolusieleer se teorie met groot sekerheid beweer dat die heelal met die *big bang* of oerknal begin het, moet daar iemand wees wat die *gas* geskep het en die *knal* veroorsaak het. As daar nie 'n *skepper* was nie, was daar ook nie 'n *skepping* nie, en as daar nie 'n *skepping* was nie, het ons ook nie bestaan nie.

Die aard van die skepping kan dus sê dat iemand alles moes geskep het, maar dit sê nie wie dit geskep het nie. Dit is net die Bybel wat vir ons verklaar dat dit God is wat alles geskape het en vir alles en almal sorg. Dit is net die Bybel wat vir ons kan sê dat Jesus ons van die dood en die sonde verlos het, en dit is net die Heilige Gees wat ons daarvan oortuig. Bo alles, as die beloftes wat God gemaak het oor Jesus vervul is, dan weet ons dat God *rêrig IS*. Paulus gebruik ook in Handeling 17: 16-25 'n soortgelyke argument as hy die Grieke oortuig dat God, die Vader van die Here Jesus Christus, die enigste ware God is.

*Omdat die Heilige Gees ons in God laat glo,
hét ons geloofsekerheid.*

Uit en klaar.

Punt!

Geloofsbelydenis

Omdat jy God alleen kan ken deur die Bybel, wat die Heilige Gees gebruik om ons te laat glo, beteken dit dat jy die Bybel moet ken. Dit is nogal moeilik om alles in die hele Bybel van voor tot agter te ken. Daarom het die kerk die hooftrekke van die Bybel vir ons opgesom in die geloofsbelydenisse. Dit is goed om 'n geloofsbelydenis uit die kop te ken.

Geloof maak ons lewens nuut en is 'n lewenswyse

Dit waarna enige mens strewe, is om gelukkig te wees. Dit is inderdaad ook die sentrale boodskap van die Bybel: *God wil sy kinders gelukkig sien.*

Een van ons Kerk se belydenisskrifte verduidelik dit baie mooi: *Wat is ons enigste troos in lewe en sterwe? Met ander woorde, wat is die enigste ding wat my gelukkig kan maak tot die dood toe? Die geloof dat ek nie aan myself nie maar aan Jesus Christus behoort. As jy met hierdie troos wil lewe, moet jy drie dinge weet:*

- *Hoe groot jou sonde en ellende is;*
- *hoe jy daarvan verlos kan word; en*
- *hoe jy dankbaar moet wees dat jy verlos is. (Vergelyk die Heidelbergse Kategismus Sondag 1.)*

Dit bring ons by die doelwit van hierdie aanbieding: *Jongmense moet dit hul eie maak en ervaar dat geloof 'n kragtige uitwerking in hul lewens het. Daardie kragtige uitwerking in ons lewens is hoe ons dankbaar moet wees omdat ons verlos is. Alles bymekaar getel, kom die Bybel en die kerk se belydenis daarby uit dat jy God moet liefhê bo alles en almal, deur jou diensbaar te maak in belang van God se koninkryk en tot voordeel van alle mense, jouself en die natuur.* Dit kom neer op daaglikse bekering wat moontlik word wanneer 'n mens telkens wegdraai van jouself en van jou eie wil, en jou aktief inspan om God se stem in jou lewe te hoor en te gehoorsaam. Geloof word sigbaar wanneer mense hulself as lewende offers aan die Here gee (Romeine 12). Christelike geloof is nie net 'n klomp leerstellings en uitsprake wat geen invloed op ons daaglikse lewe het nie. Mense noem hulself dikwels Christene, maar hul lewenswyse word op geen manier deur hul geloof geraak nie. In Jakobus 2: 14-25 word beklemtoon dat geloof in God nie van ons lewenswyse losgemaak kan word nie. Geloof moet altyd gepaard gaan met die regte lewenswyse (dade) sodat geloof nie net 'n teoretiese saak bly nie, maar sigbaar kan word. Jakobus stel dit baie duidelik dat 'n liggaam wat nie asemhaal nie, dood is. So is die geloof wat nie tot dade kom nie, ook dood.

EK SPRING SELF AAN DIE WERK

Ek het nodig

- 'n Bybel.
- 'n Houer of item wat met geskenkpapier (en dalk 'n strik) oorgetrek is.
- Oefen jouself of een van die kinders wat talentvol is in om die situasie by IETS OM IN DIE KLAS TE DOEN so realisties moontlik voor te stel.

IN DIE GROEPBYEENKOMS

KOM ONS BEGIN

Open met VONKK-lied 95 as 'n gebed.

*Daar is niemand soos U, Here God:
U, die enigste lewende God.
U is waardig ons lof en aanbidding en eer.
O Heer, daar is niemand soos U.
Daar is niemand soos U, Here God:
U, die ware drie-enige God.*

Daarom buig ons voor U en ons kniel voor U neer.

O Heer, daar is niemand soos U.

Daar is niemand soos U, Here God:

U, die enigste lewende God.

U is waardig ons lof en aanbidding en eer.

O Heer, daar is niemand soos U.

Amen.

WAT KAN HULLE VAN VERLEDE WEEK ONTHOU EN WAT HET HULLE GEDOEN?

- Kontroleer of hulle enige bykomende inligting by www.nhka.org gevind het.
- Kontroleer of hulle die volgende vrae en antwoorde ken.
- Watter praktiese implikasies het dit vir jou dat God jou Vader is, dat Jesus Christus jou Verlosser is, en dat die Heilige Gees in jou woon en werk?
 - God is my Vader en ek hoef nie meer bang en onseker te wees nie. Ek kan glo dat Hy onder alle omstandighede vir my sal sorg.
 - Jesus is my enigste Verlosser uit sonde en dood, en ek moet my verlossing van Hom alleen verwag.
 - Die Heilige Gees woon in my, en ek moet my deur Hom in alles laat lei. Hy doen dit veral met God se Woord, die Bybel.
- Vra met wie hulle dit gaan deel het.
- Laat 'n paar van hulle lees wat hulle neergeskryf het oor hoe hulle voel na die vorige ontmoetingsgeleentheid.

(Voel dankbaar en getroos dat –

- *God die Vader alles geskape het, vir hulle sorg en alles ten goede laat meewerk.*
- *God die Seun, Jesus, hulle verlos en red van die sonde en die dood.*
- *God die Heilige Gees by hulle kom bly en getuig oor die Vader en oor Jesus.*
- *Ensovoorts.*
- Laat 'n paar van hulle lees wat hulle neergeskryf het oor wat hulle gaan doen om die kern van hul geloof uit te leef en met ander te deel.

(Vir iemand wat God nie ken nie, gaan vertel dat God die Vader vir hulle sorg, dat Jesus hulle van hul sonde verlos het, en dat die Heilige Gees hulle elke dag lei en troos; vir iemand wat nie kos of klere of komberse of medisyne het nie, dit te gaan gee; iemand te gaan vergewe, wat hulle nog nie vergewe het nie; en mense wat hartseer of bang of bekommerd is, te gaan verseker dat die Heilige Gees hulle ook wil vertrou en bemoedig – dit doen dissipels van die Here omdat hulle dankbaar is dat die Vader vir hulle sorg, dat Jesus hulle verlos, en dat die Heilige Gees hulle troos).

VANDAG GAAN ONS DIE VOLGENDE ONS EIE MAAK

BEGIN SO

Bespreek die volgende in die groot groep (of verdeel in kleiner groepe as daar baie jongmense is). Verskillende antwoorde is moontlik – nie noodwendig net 'n ja of nee nie.

- Waar dink julle kom geloof vandaan?
- Is geloof 'n bonatuurlike (super)gevoel wat jy beleef?
- Dink julle geloof is iets waarin mense goed of sleg kan presteer?

- Twyfel gelowige mense soms?
- Is geloof net stellings en feite oor God, of het dit ook met 'n lewenswyse te doen?

WAAROP VAL DIE KLEM VANDAG?

Behandel die gedeelte by MEER INLIGTING en plaas klem op die volgende:

- Geloof word net moontlik in 'n verhouding met God.
 - Om God te ken en te beleef wie Hy is, leer en beleef jy net deur die Heilige Gees.
 - Die Heilige Gees gebruik die Bybel om 'n "liefdesverhouding" tussen God en jou te bou.
 - Die doop is die teken dat bogenoemde 'n gawe van God aan jou is.
 - God gebruik verskillende maniere, ook ons gelowige gesinne, om geloof by ons te vestig.
- Die Heilige Gees maak geloof moontlik.
 - Geloof is nooit uit menslike inisiatief en krag moontlik nie.
 - Die Heilige Gees hou geloof op verskillende maniere in stand.
 - Elke keer wanneer ons die Woord van God hoor, deelneem aan die erediens, die sakramente ontvang, bid en met die gemeente en gelowige gesinne meeleeft, word ons geloof deur die Heilige Gees gevoed en versterk.
- Geloof en twyfel kan saam bestaan.
 - Soms laat moeilike omstandighede en slegte nuus ons met geloofsvrae.
 - In twyfeltye worstel ons met ons geloof.
 - In hierdie tye is ons in 'n worstelstryd met ons omstandighede, terwyl ons nog steeds vertrou op God se almag, of dalk twyfel aan God se bestaan.
 - Wanneer mense, die wêreld en omstandighede, met Satan se hulp, hartseer en verliese bring, help die Heilige Gees ons om te bly glo dat God juis dan by sy kinders is om hulle te dra en te ondersteun – God is nie die oorsaak van slegte omstandighede nie.
 - Romeine 5: 3-5 bevat 'n mooi verduideliking van hoe die Gees van God egtheid van geloof en volharding kweek uit tye van swaarkry.
- Waar kry ons geloofsekerheid?
 - Kan ons verseker wees dat God *rêrig IS*?
 - Geloofsekerheid sal jy nooit uit jouself of deur mense kry nie.
 - Ons kan met ons verstand 'n paar redes gee vir God se bestaan:
 - Die wonder van die natuur sê vir ons dat die skepping 'n skepper moet hê.
 - Al sou die evolusieteorie met groot sekerheid beweer dat die heelal met die *big bang* of oerknal begin het, moet daar *iemand* wees wat die *gas* geskep het en die *knal* veroorsaak het.
 - *Iemand* moes die *skepping geskep* het.
 - As daar nie 'n *skepper* was nie, was daar ook nie 'n *skepping* nie, en as daar nie 'n *skepping* was nie, het ons ook nie bestaan nie.
 - As jy glo dat alles wat jy sien bestaan, moet jy ook glo dat iemand dit laat ontstaan het – die natuur kan nie sê wie dié iemand is nie.
 - Dit is net die Bybel wat vir ons sê –
 - dat dit God is wat alles geskape het en vir alles en almal sorg;
 - dat Jesus ons van die dood en die sonde verlos het; en
 - dat die Heilige Gees ons daarvan oortuig.

- Bo alles, as die beloftes wat God gemaak het oor Jesus vervul is, dan weet ons dat God *rêrig IS*.
- Paulus gebruik ook in Atene 'n soortgelyke argument as hy die Grieke oortuig dat God, die Vader van die Here Jesus Christus, die enigste ware God is. (Vergelyk Handeling 17: 16-25.)

*Omdat die Heilige Gees ons in God laat glo,
hét ons geloofsekerheid.
Uit en klaar.
Punt!*

- Ons kry die hooftrekke uit die Bybel in ons geloofsbelydenisse.
 - Omdat jy God alleen kan ken deur die Bybel, beteken dit dat jy die Bybel moet ken.
 - Dit is nogal moeilik om alles in die hele Bybel van voor tot agter te ken.
 - Daarom is die hooftrekke van die Bybel opgesom in die geloofsbelydenisse.
 - Dit is goed om 'n geloofsbelydenis uit die kop te ken.
 - 'n Geloofsbelydenis is dit wat ons sê wanneer ons vir iemand wil sê in wíé ons glo, wát ons glo en wáárom ons dit glo.
 - Voorbeelde van Christelike geloofsbelydenisse is die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Geloofsbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis genoem na Athanasius.
- Geloof maak ons lewens nuut en is 'n lewenswyse.
 - Alle mense wil gelukkig wees.
 - Die hoofboodskap van die Bybel is: God wil sy kinders gelukkig sien.
 - Hoe maak God sy kinders gelukkig? Deur hulle te laat glo dat hulle aan Jesus behoort.
 - As jy wil hê dat hierdie geloof jou moet troos, moet jy drie dinge weet:
 - Hoe groot jou sonde en ellende is;
 - hoe jy daarvan verlos kan word; en
 - hoe jy dankbaar moet wees dat jy verlos is. (Vergelyk die Heidelbergse Kategismus Sondag 1.)

DUS:

Om gelukkig te wees, moet ek van my sonde ontslae kan raak.

Jesus vat my sonde absoluut weg.

Omdat ek dit glo, kom daar 'n nuwe krag

en dinamiek in my lewe:

Ek gaan God liefhê bo alles en almal,

daarom neem ek my voor om vir Hom te werk

en om alles te doen tot voordeel van alle mense,

myself en die natuur.

(Vergelyk Romeine 12 en Jakobus 2: 14-25.)

ONS BESPREEK EN SKERP IN WAT ONS VANDAG GELEER HET

EERSTE GESPREK

Sit die houer wat soos 'n geskenk toegedraai is, tussen die groep neer en lei 'n gesprek rondom die volgende hoofpunte:

- Hoe voel dit om 'n geskenk te kry?
- Betaal ons gewoonlik vir geskenke?
- Wat doen ons gewoonlik wanneer iemand vir ons 'n toegedraaide geskenk gee?

Laat iemand in die groep die volgende verhaal voorlees, of doen dit self:

Harry was 'n baie avontuurlustige ou wat gereeld vir homself die een of ander persoonlike doelwit gestel het waarby hy wou uitkom. Een van die groot drome wat hy gehad het, was om een van die pieke van die Himalaja-bergreeks te gaan uitklim. Hy het alles haarfyn beplan en besef dat nadat sy vliegkaartjies en verblyf betaal is, sy begroting nie toelaat dat hy die geskikte bergkliskoene kan koop nie. Hy het besluit om met sy gewone stapskoene te probeer regkom.

By 'n geleentheid wat sy vriende vir hom gereël het om hom sterkte toe te wens vir sy groot avontuur, gee hulle aan Harry 'n geskenk. Hierdie gedagte was vir hom so spesiaal dat Harry besluit het om dit nie oop te maak nie, maar dit veilig by die huis te bêre totdat hy terug is van sy bergklimaksie. Dan kan hy dit rustig oopmaak en as 'n beloning geniet.

Om verder 'n lang storie kort te vertel, Harry het op die eerste dag van sy klimmery besef dat sy stapskoene nie naastenby gerat is vir die nat en uitdagende terrein wat hy moet uitklim nie. Op die tweede dag het sy een skoen se sool heeltemal afgeskeur, en op die derde dag moes hy omdraai nadat hy slegs 30% van die bergpiek uitgeklim het. Sy voete was gedaan en vol blase en skaafplekke. Hy het toe baie teleurgesteld teruggekeer huis toe.

Toe Harry met seer voete sy geskenk gaan uithaal om dit rustig oop te maak en te geniet, beleef hy 'n oomblik wat hy nooit sou vergeet nie. Toe hy die strik losmaak en die geskenkpapier oopskeur, kon hy sy oë nie glo nie – voor hom sien hy 'n splinternuwe kartonhouer met die heel beste bergklimstewels wat geld kan koop...

Lei die gesprek nou verder rondom die volgende vrae:

- Hoe dink julle het Harry gevoel toe hy besef wat onder die geskenkpapier was? *Baie antwoorde is moontlik.*
- Hoe dink julle, watter tipe mense verbeur die GROOT geskenk van God se verlossing? (Gee die volgende vergelykings as aanvulling van hul antwoorde.)
 - *Net soos Harry, is daar baie mense wat ook te laat, na die tyd, agtergekom het dat hulle die ewige lewe verloor het. (Vergelyk die tien meisies in Matteus 25.)*
 - *Net soos Harry, is daar baie mense wat nie beleef hoe die GROOT geskenk van God se verlossing hulle kon gedra het en op hul voete kon gehou het in tye toe dit swaar gegaan het en al die struikelblokke van die lewe voor hulle gelê het nie.*
 - *Net soos Harry, is daar baie mense wat nie beleef hoe die GROOT geskenk van God se verlossing hulle kon gedra het om die hoogste sporte van die lewe te bereik nie.*
 - *Net soos Harry, is daar baie mense wat nie beleef hoe die GROOT geskenk van God se verlossing hulle gemoedsrus kon gee wanneer hul sonde en skuldige gewetens vir hulle*

te veel word nie.

- Net soos Harry, is daar baie mense wat nie beleef hoe die GROOT geskenk van God se verlossing hul enigste troos in lewe en sterwe kon wees nie. (Vergelyk Heidelbergse Kategismus Sondag 1.)
- Hoe het hierdie storie van Harry julle oortuig om van nou af elke oomblik die geskenke van God se genade jou eie te maak?
 - Net soos Harry, gaan 'n mens teleurgesteld wees as jy God se geskenk, wat gelukkig maak, gemoedsrus gee, hoogtes laat bereik, sonde vergewe en die ewige lewe gee, verbeur het.
- Wat gaan julle doen om die krag en dinamiek van jul geloof grond te laat vat in elke dag se lewe?

IETS OM IN DIE KLAS TE DOEN

TWEDE GESPREK

Laat hulle regop staan en skep dramaties 'n angswekkende situasie met die volgende opdragte aan hulle:

- Kom ons kyk wie se verbeelding is die sterkste – jy moet jou absoluut in hierdie situasie inleef!
- Maak styf toe jou oë! En hou dit die heelyd toe!
- Reg agter jou is 'n diep-diep afgrond. Staar stil! Jy mag nie roer nie! Dis lewensgevaarlik! PASOP!! Iemand stamp jou reg van voor... Koebaaaaaai! ...daar tuimel en tuimel en tuimel jy die dieptes in. Sjoel Jy is gelukkig. 'n Vangnet was agter jou en het jou dadelik gered.

Laat hulle spontaan gesels oor die volgende vrae. (Verskillende antwoorde is moontlik.)

- Hoe het dit gevoel om, met jou toe oë, te hoor jy staan op die randjie van 'n afgrond? (Onseker, skrikkerig, onveilig, en het nie geweet wat alles kan gebeur nie.)
- Hoekom het jy geskrik toe jy die stamp voel? (Ek het nie geweet wat nou van my gaan word nie – vir seker dood!)
- Hoe het jy gevoel toe jy hoor daar is 'n net onder jou? (Verlig. Veilig. Die drama is verby en ek is gered.)
- Dink julle ons kan glo dat God soos 'n vangnet onder ons is, ons beskerm as daar afgronde in ons lewens is en dat Hy ons op sy vlerke sal dra? Hoekom? (Omdat die Heilige Gees ons uit die Bybel verseker van God se hulp en bystand. Selfs al het ek geval en seer gekry, die Here is altyd by my om te help en selfs om my op te tel en te dra.)

DERDE GESPREK

Laat hulle in die groot groep of in kleiner groepies saamwerk en hierdie inligtingstabel voltooi.

Ons ontdek wat die Bybel oor geloof sê	
Teksgedeelte	Wat leer ons hier oor geloof?
Hebreërs 11: 1-3	<ul style="list-style-type: none">● Om seker te wees van die dinge wat ons hoop en oortuig te wees al sien ons dit nie.● Omdat ons glo, is ons seker dat God alles geskep het.

1 Korintiërs 3: 5-9	<ul style="list-style-type: none"> • Mense is betrokke by die “plant” en die “natgooi” van die geloofsaadjie, maar God laat die geloof groei en lewe.
Romeine 5: 3-10	<ul style="list-style-type: none"> • Uit swaarkry word egtheid van geloof gebore. • Swaarkry kweek volharding, volharding kweek egtheid van geloof, egtheid van geloof kweek hoop wat nie beskaam nie.
Romeine 10: 9-15	<ul style="list-style-type: none"> • As jy glo, sal jy gered word. • Elkeen wat glo, word vrygespreek. • Niemand wat in God glo, word teleurgestel nie. • Geloof word moontlik omdat ons God leer ken het.
Filippense 2: 12-18	<ul style="list-style-type: none"> • Geloof is ’n offer in diens van God. • Geloof laat mense aan God gehoorsaam wees. • Geloof maak dat mense ligdraers in die wêreld kan wees.
Jakobus 2: 14-26	<ul style="list-style-type: none"> • Geloof word sigbaar wanneer dit deur daade bevestig word. • Geloof wat nie tot daade oorgaan nie, is dood. • Geloof word volkome as dit met daade gepaard gaan. • Soos ’n liggaam asem nodig het om te lewe, so kan geloof sonder bypassende daade ook nie lewe nie.

Laat die groepe hul antwoorde deel, en vul dan die bespreking aan deur van die riglyne hierbo gebruik te maak.

HIERDIE WEEK IN HUL WÊRELD

RADIKALE DISSIPELSKAP

- Laat hulle in hul eie woorde ’n geloofsbelydenis tuis gaan skryf.
- Laat hulle by www.nhka.org gaan kyk vir meer inligting oor hierdie tema.
- Laat hulle gaan neerskryf –
 - of enigiets uit hierdie aanbieding hulle gelukkig laat voel;
 - wat hulle gaan doen om die krag en dinamiek van hul geloof grond te laat vat in elke dag se lewe; en
 - watter praktiese geloofsdaad hulle gedurende die week verrig het.
- Help hulle om die ontbrekende woorde hieronder in hul boeke in te vul, en laat hulle die stellings gaan leer.
 - Ek moet die (*Bybel*) ken om in God te kan glo.
 - Die Heilige Gees gebruik daardie kennis om my (*geloof*) te wek en te versterk.
 - Geloof is die gevolg van God se (*vergifnis*).
 - Geloof en (*dade*) kan nie van mekaar losgemaak word nie.
 - Ek moet (*dankbaar*) wees dat God my laat glo.
 - Om gelukkig te wees, moet ek van my (*sonde*) ontslae kan raak.
 - (*Jesus*) vat my sonde absoluut weg.
 - Omdat ek (*glo*) dat Jesus my sonde weggevat het, kom daar ’n nuwe krag en dinamiek in my lewe.

- Ek gaan God (*liefhê*) bo alles en almal, daarom neem ek my voor om –
 - vir Hom te (*werk*); en
 - alles te doen tot (*voordeel*) van alle mense, myself en die natuur.
- Reël met een van hulle om volgende week te open met gebed.

BELANGRIK

- Die jongmense moet seker maak dat hulle met elke aanbieding hul Bybels saambring.
- Kyk vandag reeds wat jy vir die volgende aanbieding nodig het en wat jy moet voorberei.

AFSLUITING

Sluit af met gebed.